

7 Februarie 2013

Jaargang 6 – Uitgawe 1

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad



Teken in op die e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za



Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk

www.nhka.org

Die Hervormer

www.hervormer.co.za

e-Hervormer

www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html

Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op www.hervormer.co.za/cancel.html

VOORBLAD

Kerkwees in 2013 – 'n perspektief vanuit die GKSA

Gaan kerkwees in 2013 anders wees as in 2012? Verskil kerkwees van jaar tot jaar? Is daar 'n onstabiliteit in kerkwees wat die kerk ankerloos laat rondobber, wat die kerk eendag soos die wisseling van 'n seisoen in 'n groot vergeet kan laat versink? Is ons kerkwees so broos?

Ek is vir 'n kort tydjie betrokke by die gesprekke tussen die Hervormde Kerk, die NG Kerk en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Soms voer ons die gesprekke gesamentlik. By ander geleenthede praat die verskillende kerkgemeenskappe afsonderlik met mekaar. Daar is verskille tussen ons, maar ook gemeenskaplikhede wat ons aan mekaar verbind. My indruk is dat die tradisioneel Afrikaanse kerkgemeenskappe oor die loop van jare nie verniet met mekaar gepraat het nie. Daar is tans repliek tussen die drie tradisioneel Afrikaanse Kerke wat op meer dui as blote begrip vir mekaar se interne probleme en debatte. Daar is oor die loop van jare vertroue tussen die kerkgemeenskappe gebou. Dit kan selfs in die toekoms die moontlikheid skep van onderlinge samewerking tussen die tradisioneel Afrikaanse Kerke, soos dit reeds op die platteland in sekere omstandighede praktyk word. Indien ons formeel die pad sou volg, gee ons 'n kort tree, maar met konsekwensies wat vir kerkwees veel verder strek as die afsienbare toekoms. Die gesprekke tussen die kerkgemeenskappe is positief en moet voortgaan.

Maar kerkwees is meer as die formele gesprekke tussen kerkgemeenskappe. Dit is meer as die blote bestaan en onderhouding van kerkgemeenskappe. 'n Vraag oor kerkwees is 'n intens persoonlike vraag. Miskien bied 2013 aan ons die geleentheid om oor ons *kerkwees* te besin. En om getrou te bly aan ons (die kerk) se steeds reformerende karakter, moet ons ook in 2013 besin oor ons *kerkwees*.

Ons is so vasgevang in ons denke oor die kerk. As ons oor die kerk praat, dink ons gewoonlik aan kerklike strukture, die sinode, die moderamens, en in ons tyd al meer oor die gemeente. Maar die strukture bied nie vir ons sekuriteit nie. Strukture verander en word selfs vervang met ander strukture. Strukture vra om in stand gehou te word. 'n Mens ontwikkel selfs 'n verwagting van die struktuur. Strukture skep die moontlikheid om die kerk buite jouself te sien. Om die kerk te verwyrt vir hoe hy dinge aanpak of nalaat. As ons kerkwees setel in strukture, die sinode of die gemeente, is ons kerkwees broos. Wat is dan die alternatief? Waarin lê die krag van die gemeenskap van die gelowiges?

Die Nuwe Testament leer ons dat kerkwees net deur een ding bepaal word: die kerk (elke gelowige) se verhouding met Christus. Dit is die groot gemene deler van kerkwees deur die eeue. 'n Kernaspek van kerkwees wat nie verander nie. Hierdie verhouding gee juis uitdrukking daaraan dat 'n mens in sy volle menswees en waar hy hom mag bevind aan Christus behoort. Waar die gelowige is, is die kerk. Daar het die gelowige 'n verantwoordelikheid teenoor elkeen met wie hy te doen kry – gelowig, ongelowig of verdwaald. Dit is ons roeping.

'n Gelowige het 'n roeping. Sy roeping is om vanuit die geloof so te leef dat dit impak maak op die omstandighede en die mense om hom. Daarvoor bied kerklike strukture nie 'n alternatief nie. Dit is vanuit hierdie roepingsbesef dat die Calvinistiese tradisie, waarvan ons kerkgemeenskappe deel is, die grootste impak op die kerstening van die ongelowige wêreld gehad het. Nie vanuit kerklike strukture nie, maar in elke gelowige se verantwoording oor sy roeping.

Kan kerkwees in 2013 anders wees as in 2012? Ja, groter in toewyding om die eer van die Here op die aarde meer te maak! Maar die kerk kan homself nie sien as die rots op die strand waarteen die golwe hulle te pletter loop nie. Die kerk is eerder die watergolf wat met ritmiese reëlmaat op die sand breek en tussen die sandkorrels insyfer maar nooit sy wesenskenmerke verloor nie.

**Prof Johannes Smit, Ekklesiologie,
Fakulteit Teologie, Noordwes-Universiteit**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by ernest.vaneck@up.ac.za om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by www.nhka.org te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Beroep ontvang

- **Ds Lorret de Leeuw** van Port Elizabeth (deeltyds) na Hendrina (deelsorg)
- **Prop Adriaan Benadie** na Ottosdal
- **Ds Eksteen Botes** van Nelspruit na Rustenburg-Suid



Ds Lorret de Leeuw Prop Adriaan Benadie

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed na produksie@nhk.co.za.



Ds Eksteen Botes Ds Fanie Swanepoel



Dr Piet Boshoff

- Emerituspredikant **ds Fanie Swanepoel** het op 24 Januarie 'n groot rug-operasie ondergaan. Voor die operasie kon hy feitlik nie meer loop nie en was hy uiteindelik rolstoelgebonde. Na die operasie was hy sewe dae lank in die intensiewesorgeenheid. Hy is Saterdag uit die hospitaal ontslaan en sterk nou tuis aan. Volgens mev Elsa Swanepoel is hy nog baie swak, maar begin hy nou stadig beterskap toon. Die egpaar bedank die Kerk en al die belangstellendes vir hul goeie wense en ondersteuning. Ons bid ds Swanepoel algehele herstel toe.
- **Dr Piet Boshoff** van Gemeente Vereeniging is twee weke gelede in 'n hospitaal in Vereeniging opgeneem met ontsteking in die are van sy een been. Hy is ontslaan, maar het hierdie week dieselfde probleme begin kry in sy arm waar die aarvoeding ingeplaas was. Hy is weer tuis maar onder streng observasie om moontlike verdere infeksie te probeer voorkom. Ons bid dr Boshoff spoedige en algehele herstel toe.
- **Ds Lisa-Mari Swanepoel** van Gemeente Sasolburg-Suid se ouma is op Dinsdagaand 5 Februarie (op Lisa-Mari se verjaardag) na 'n lang siekbed oorlede. Ons innige meegevoel gaan aan ds Swanepoel en haar familie.
- **Di Ferdie en Freddie Nortjé** vier op Sondag 10 Februarie hul 25-jaar-ampsjubileum en hul 50ste verjaardag. Hulle is albei op 19 November 1987 gelegitimeer en op 15 Mei 1988 georden. Na sy diensplig in Saldanha, is ds Ferdie in 1990 beroep na Oudtshoorn/Outeniqua en in 1992 na Outeniqua, waar hy tans nog predikant is. Ds Freddie is na sy diensplig op Potchefstroom, in 1990 beroep na Bergsig (Pretoria), waar hy steeds diens doen.
- **ADV se Jaar vir Gestremdheid:** Betrek mense met gestremdhede by die geselskap – moenie omdat jy dalk verbouereerd is, hulle ignoreer nie. Moenie bo-oor hulle praat nie.
- Die **NHSV-hoofbestuur** herinner gemeentes daaraan dat die deurkollekte van Sondag **10 Februarie** aan die NHSV toegestaan word. Vanjaar sal die fondse weer uitsluitlik vir beurse en lenings aangewend word.
- **AGB-wenk:** Praat duidelik maar nie oordrewe hard nie wanneer jy met ouer mense kommunikeer. Maak seker dat belangrike boodskappe wel gehoor en verstaan is. Vir meer inligting oor bejaardesorg, kyk by www.diakens.co.za.
- Die **amptelike opening** van die **Afrika Instituut vir Missiologie (AIM)** vind plaas op **Dinsdag 12 Februarie om 09:00** in die Goddefroy-saal in die Dirk van der Hoffgebou, Pretoria. Die spreker is dr Johannes Banda oor die tema *Die invloed*

**Aksiegroep
Gestremdheid**

Aggb aksiegroep
vir bejaardes



van TV-eredienste op hoofstroomkerke: Hoe moet die uitdaging aangepak word? Na afloop van die toespraak en die oorhandiging van akademiese pryse word 'n vingerete aangebied. Die Dosentevergadering begin om 10:30. Almal is welkom. Laat weet prof Natie van Wyk by aim1@mweb.co.za of 082 448 4759, of mev Clarika Hattingh by evangelisasie@nhk.co.za of 012 322 8885 indien u die geleentheid wil bywoon.

- **Inligtings- en besprekingsvergadering: 13 Februarie: Gemeente Kempton Park-Oos.** Die Kommissie van die AKV nooi alle ringskommissies na hierdie vergadering (Ordinansie 3.10.2 (xix)). Temas wat onder bespreking sal kom, sluit in die Kerk se identiteit, missionale roepingverstaan en -uitvoering, Bybels-teologiese kommunikasie-strategieë wat algemeen in gemeentes gestalte kry, die invloed van ideologieë, argaïese strukture en uitgediende teologiese perspektiewe, en die inhoud van die Kerk se hoop. Ringskommissies word versoek om hul reëlins so te tref dat hulle die hele vergadering kan bywoon. Indien primuslede nie beskikbaar is nie, word u versoek om van sekundi gebruik te maak sodat u ringskommissie volledig verteenwoordig kan wees. Verversings tydens teepouse en die middagete sal in die saal deur die NHSV van Gemeente Kempton Park-Oos aangebied word. Die koste verbonde aan middagete beloop R50 per persoon.
- Die **Hervormde Teologiese Kollege (HTK) se amptelike opening** vind plaas op **Woensdag 20 Februarie** vanaf 10:00 in die kerkgebou van Gemeente Philadelphia. Die erediens sal gelei word deur prof Piet Geysler, en die openingsrede deur dr Jaco Beyers oor die tema *Die roeping van die Kerk*. Vanaf 13:30 sal 'n tafelgesprek oor die tema plaasvind. Almal teenwoordig by die opening is welkom om deel te neem aan die tafelgesprek. Navrae oor en bevestiging van bywoning kan aan mev Betsie Brits gerig word, by 012 420 5393 of Betsie.brits@up.ac.za.
- **Gemeente Wonderfontein** in Carletonville benodig dringend twee kwotasies vir hul versekering om die kerkgebou se dak te herstel. Daar is nie plaaslik vakmanne daarvoor beskikbaar nie. Kontak ds Nick Alberts by nmalberts@telkomsa.net of 083 783 8143, of Hettie Roos by rooshettie@yahoo.com of 082 713 4544.
- **Gemeente Benoryn** beskik oor 'n **vakature vir 'n orrelis**. Stuur aansoeke na die gemeentelike kerkkantoor vir aandag Annette: benoryn@telkomsa.net / 011 849 1179; of ds Marlize Gasson: dominee@vodamail.co.za / 011 849 3266 / 072 117 0317.
- **Gemeente Wonderboom** beskik oor 'n vakature vir 'n orrelis. Kontak die skriba, Pieter Mulder, by 012 567 2975 of wboom@nhk.co.za.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Goede Hoop (Piet Plessis): 100 jaar Feesnaweek 29 November tot 1 Desember 2013**
Basaar met sanger Pieter Smit, Nagmaal
en hoeksteenoprigting op fondasie van eerste sinksaaltjie
Gedenkalbum deur prof Hennie van der Westhuizen (prys later bekend)
Navrae en bestellings aan ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030
of arnonieuwhof@gmail.com of op sy Facebook-blad

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 15 Februarie, en word hartlik geluk gewens.**
 - Vrydag 8 Februarie: Ds Jakkals Janse van Rensburg (Paarl)
 - Saterdag 9 Februarie: Di Lydia Miller (buiteland), Ferdie Nortjé (Outeniqua) en Freddie Nortjé (Bergsig)



- o Sondag 10 Februarie: Prof Schalk Botha (emeritus), di Dalene Lourens (Selcourt) en Jaco Vogel (Rooihuiskraal)
- o Maandag 11 Februarie: Ds Marius Jansen van Vuren (Ventersdorp)
- o Dinsdag 12 Februarie: Ds Pieter Viljoen (Alberton)
- o Donderdag 14 Februarie: Prof Piet Venter (emeritus), di Larry van der Walt (Oos-Londen) en Eddie Vosloo (emeritus)
- o Vrydag 15 Februarie: Di Maritza Botha (Coligny) en Johan Viljoen (Koorfontein)

Beplande vergaderings

- Donderdag 7 Februarie: Komitee vir die SP Engelbrecht-museum
- Vrydag 8 Februarie: Moderamen
- Maandag 11 Februarie: Raad vir SENTIK
Finkom van Bejaardesorg
- Dinsdag 12 Februarie: Operasionele Komitee van die Ondersteuningsraad
Direksie van die Ondersteuningsraad
- Woensdag 13 Februarie: Inligtings- en Besprekingsvergadering
- Vrydag 15 Februarie: Finkom van die Ondersteuningsraad
- Neem asseblief kennis dat die **NHKA predikantepensioenvergadering** nie meer op 14 Februarie plaasvind nie, maar eers op 19 Maart. Die **personeel-pensioenvergadering** vind ook nie meer op 14 Februarie plaas nie – 'n datum sal later bevestig word.

Kursusse en toerusting

- **AGB/RDV-byeenkoms: 11 Februarie om 10:00: Gemeente Montana-Oos**
RDV van **Noordelike Pretoria**
Besin saam oor bejaardesorg in ons gebied
Kontak ds Frikkie van Wyk by 083 625 6788 of gfvanwyk@nhk.co.za.
- **UP: Sentrum vir Kontekstuele Bediening: Kortkursus**
Basiese beginsels van berading
Eenjaarkursus deur afstandonderrig
Bywoningstifikaat na suksesvolle voltooiing
Studente ontvang studiemateriaal en werkopdragte ná registrasie
Laat inskrywings sal tot middel-Februarie aanvaar word
Vereiste: Minimumkwalifikasie van graad 10-sertifikaat
Vir enigeen wat belangstel in berading of hulpverlening of diensbaar wil wees in gemeentes/gemeenskappe
Koste: R2 200
Navrae aan dr Johan Nel, 083 400 0267 / jnel@ufs.ac.za

Beskikbare behuising

- **Philadelphia Studentegemeente: Huisvesting beskikbaar op kerkterrein**
Stapafstand van kampus, met veilige parkering
Skakel Elize Fourie by 012 362 7237 tussen 08:30 en 12:30 op weekdae
of dr Sanrie de Beer by 083 226 1866
of stuur 'n e-pos na Philadelphia@nhk.co.za
- **Kamerfasiliteit in Huis Riekie Boshoff, Brooklyn**
Lieflike ruim kamer met gedeelde geriewe vir enkelopende dame
Hierdie boomryke, rustige omgewing is naby winkelsentrum geleë
Gereelde sosiale programme
24-uur-sekuriteit
Moet bo 55 jaar en nog selfversorgend wees om trappe te klim



Koste vir kamer R1 800 per maand (sluit krag in)
Kontak mev Jo-Mari Haarhoff by 012 346 2418

Konserte en feeste

- **Sondag 24 Februarie om 11:00: Gemeente Pretoria-Oos Orrelkonsert met Colin Campbell**
Pragtige 3-manuaal-orrel word vanjaar 40 jaar oud
Kom vier saam met die gemeente fees!
Plek: Kerkgebou, hv Dely- en Matroosbergweg, Waterkloof
Toegang: Gratis
Navrae aan Pieter van den Berg, 012 991 4930 of 079 497 2647

Kampe en toere

- **Vrouekamp 2013: 19-21 April**
Mopani Lodge, net buite Pretoria
Sprekers ds Janine Bevol-Manders en ds Marna Naudé
R550 per persoon (akkommodasie en etes ingesluit)
Kontak Jana Peenze by 083 7345 426 of janapeenze@vodamail.co.za
of Stefanie Theron by 082 825 7944 of stef1@absamail.co.za
- **Konteks-leserstoer na Turkye**
15 dae op die voetspore van Paulus, Johannes en die eerste Christene
2-18 Oktober 2013
Toerleier: Prof Ernest van Eck
Plek vir slegs 30 – bespreek betyds!
Kontak prof Van Eck by 012 420 3804 / 082 413 2332 /
ernest.vaneck@up.ac.za
of Louise Geyser (reisagent) by 012 361 0579 / 082 560 4279 /
louise.geyser@absamail.co.za

Sportbyeenkomste

- **Saterdag 16 Februarie: Gemeente Reitz: Padfietswedren**
Tydens jaarlikse Reitz BielieMielieFees
Tydplasing, tipiese Oos-Vrystaatse lang heuwels en skoon vars lug
maak dit goeie inoefening vir die Cape Argus
07:00: Tandem 80 km spring weg – R150 per inskrywing
07:05: 80 km spring weg – R120 per inskrywing
07:10: 40 km spring weg – R100 per inskrywing
07:15: 20 km spring weg – R50 per inskrywing
Ons is 'n klein gemeente en hierdie is ons *basaar* vir die jaar
Reitz is net 2½ ure se ry vanaf Pretoria/Johannesburg
Kontak Koos Myburg by 058 863 8402 / 082 700 9266 / jgmyburg@gmail.com

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Brits: Boufondsversoek**
Dra by tot die gemeente se boufonds
SMS **KERK** na **48716** en dra R10 by
Fondse word gebruik om die geboue te herstel
Meer as een SMS is baie welkom
Navrae aan ds Kobus Celliers by 012 252 0158
- **Gemeente Bergsig: Vrydag 15 Februarie 14:00 tot 20:00**
Kunsuitstalling en Kaas-en-wyn-byeenkoms
In die saal, onder leiding van die diakens
Werk van plaaslike en gevorderde kunstenaars



Kerksaal van gemeente, hv Leonide- & Karel Trichardt-straat, Mountain View R30 toegang, kinders onder 12 jaar R10
Navrae aan Neeltjie by 076 428 8142 of Elmarie by 082 377 0747

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Vrydag 1 Maart vanaf 19:00 Boeredans**
By AJ Jacobs Primêre Skool, Wepenerstraat, Sasolburg
Lewendige boereorkes en DJ met musiek deur die dekades
Bring eie eet- en drinkgoed
R40 per persoon
Bespreek by nhksasolsuid@matrixnet.co.za
of by Elize 083 412 5802 of by Lisa-Mari 083 943 4561
- **Klap-'n-tekkie vir Van Rensburg Monumenttehuis: Saterdag 9 Maart**
Fonteine, Pretoria
Vanaf 07:00
Kontak Elma by 082 954 7955

GEMEENTES HARTBEEFFONTEIN EN GERDAU: FONDSINSAMELING
Wen-'n-boerdery en Noag-se-ark-skildery
Geleentheid om R50 000 in te samel
Pakket van 50 kompetisieboekies met 11 kaartjies in elke boekie
Betaal R5 000 vir pakket van R55 000
50 pryse te wen, in totaal meer as R100 000 werd
Wen plaasdiere, bokke, varke, duiwe en vele meer!
Trekking in Oktober 2013
Kontak Barry of Marthie Pretorius van Hartbeesfontein
by 018 431 0331, faks 086 550 1874 of barrypret@lantic.net
Verdere navrae aan ds Petrus Harmzen by 082 777 4253



ANDER NUUS

- **Orrel te koop**
Hammond-orrel model Vs 100, 40 amp met *swinger*
R5 500
Kontak Cobra by 011 907 8922 / 082 857 6056 / cobd@mweb.co.za
- **VERSORGERS EN HUISMOEDERS BENODIG**
Cluny Farm, sentrum vir volwassenes met intellektuele gestremdhede
Niewinsgewende organisasie in Kyalami
Mans en dames tussen 18 en 35 kan aansoek doen
Geldige rybewys noodsaaklik
Stuur CV na elise@emburst.co.za of faks na 086 661 5467
Navrae aan Khumo of Ria by 011 702 1690
Besoek www.clunyfarm.co.za
- **GEREFORMEERDE KERK OOS-MOOT**
450 jaar Heidelbergse Kategismus
Donderdag 14 Maart 16:00 tot 22:00 (aandete en verversings)
GK Oos-Moot, 31ste Laan 716, Villieria
Toegang: Deurkollekte; ete moet vooraf bespreek word
Sprekers: dr Attie Bogaards; dr Victor E d'Assonville;
prof Jorrie Jordaan; dr Gerard Meijer; ds Erik van Alten
Gespreksleier: Prof Dolf Britz
Kontak gkomkantoor@gmail.com



- **BYBELGENOOTSAP: BASIESE GELETTERDHEIDSPROJEK**

My eerste Bybel Doen en Leer Boek

Beskikbaar in Afrikaans en Engels teen R3,50 elk

Onderrig kinders en volwassenes wat leer lees met Bybelse verhale

Gemeentes kan byvoorbeeld hiervan aankoop

vir hul plaaslike MRCC-gemeentes

Gaan na www.bybelgenootskap.co.za

- **BEELD-KINDERFONDS: VALENTYNSDANS EN DINEE**

Vrydag 15 Februarie vanaf 19:30

Union Caterers Utopia Place, Lynnwoodweg, Pretoria

R440 per persoon, gaste aan tafels van 10-12

R570 per persoon om by *celebrities* te sit

Navrae en besprekings: Adrie van Staden, 011 976 2273 / 073 749 2697 /

info@beeldkinderfonds.co.za

Advertensies in die e-Hervormer

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die e-Hervormer geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie.

Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit).**

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + e-Hervormer Ads.**

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (**uiters 100 woorde**) stuur aan produksie@nhk.co.za. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad gestuur word; gaan dan na www.nhka.org → Praat saam en kies die opsie wat u pas. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

“Ek sien ons worstelstryd. Ek lees die pleidooie. Ek hoor die gesprekke. Ek ervaar die beklemming. Ek erken die gawe van leierskap. Dankie dat ek altyd iets daarvan in die *e-Hervormer* sien. Laat Heer u seën ook op hul daal. Met biddende groete.”

Gys Potgieter

“Ek ry Sondae van die kerk af weg en wonder: Ons is daagliks besig om die kerk, die kategese, wat ook al met kerk te doen het te verander. Daar word gesê die wêreld en tye verander, ons moet aanpas en ons kinders en jeug behou, want hulle raak weg. Ek wil weet: Het ons Here verander, is Hy nie steeds dieselfde God nie? Waarheen is ons Kerk besig om te beweeg? Trots Hervormer, maar nie trots op al die veranderinge wat met verskille en skeur plaasvind nie.” (Verkort)

Wilna Esterhuizen

Nasionale Biddag vir Onderwys

Die 2012-matriekuitslae is nog vars in die geheue. Baie word gemaak van die beter slaagsyfer asook die groter getal kandidate wat universiteitstoelating verwerf het. Hierdie positiewe syfers gee egter nie 'n getroue weergawe van die krisis waarin onderwys gedompel is nie.

Alhoewel daar die afgelope jare 'n stygende slaagsyfer was, meen universiteitsdosente dat standarde aan die daal is. Ongeveer 40% van nuwe eerstejaarstudente druij jaarliks, en 56% van studente verlaat die universiteite ná vyf jaar sonder 'n graad. Syfers sedert 2007 toon dat kandidate met universiteitsvrystelling met 48% toegeneem het – terwyl die getal suksesvolle kandidate met meer as 3 000 verminder het. Die huidige onderwysstelsel maak nie 'n verskil aan die toenemende aantal werklose jongmense nie. Tans is daar 'n werkloosheidsyfer van 25% onder blankes en waarskynlik meer as 40% by swart jongmense. Die feite is dat 500 000 leerders jaarliks die onderwysstelsel met 'n ontoereikende opleiding verlaat.

Meer as 80% van skole is volgens die nasionale minister van onderwys disfunksioneel. Die meeste graad 6-leerlinge toets minder as 35% vir geletterdheid en gesyferdheid. Internasionaal toets Suid-Afrikaanse skole die slegste vir wetenskap en wiskunde. 'n Lae persentasie van jongmense wat matriek skryf, kry goeie uitslae, sowat een derde wat matriek skryf druij, minder as een uit vier kry meer as 50%.

'n Groot deel van die land se begroting, sowat 18,2%, word aan onderwys spandeer. Is die rede vir swak prestasie swak administrasie, gebrekkige onderwysersopleiding, armoede? Baie armer lande het dieselfde probleme, maar hul onderwysstelsel presteer baie beter. In kerklike kringe oor die spektrum heen is die persepsie dat die huidige probleem nie net struktureel of kurrikulêr is nie. 'n Belangrike faktor is die afwesigheid van 'n morele basis in die onderwysomgewing. Baie onderwysers het 'n gebrek aan werksetiek, passie, dissipline, leierskap en roepingsbesef. Kinders voel onderwysers laat hulle in die steek.

Wat kan die kerk doen? Die skool in jou onmiddellike omgewing is dalk nie in 'n krisis nie, maar ander skole wel. Hierdie skole is 'n uitdaging vir die kerk waar ons 'n verskil moet maak. Daar is 56 000 gemeentes van alle denominasies en 26 000 skole in die land, dit is meer as twee gemeentes vir elke skool. Die kerk kan 'n groot verskil maak, onder meer deur die onderwysberoep weer as roeping te vestig. Kerke kan fasiliteite beskikbaar stel vir spesiale klasse in byvoorbeeld wiskunde en wetenskap, en as ruimte vir naskoolse leerders. Jeugwerkers kan programme ten opsigte van waardes aanbied. Daar kan voorbidding gedoen word vir onderwysers, en lidmate kan aangemoedig word om in skoolbeheerrade te dien. En gemeentes kan deelneem aan die **Nasionale Biddag vir Onderwys** op eerskomende **Sondag, 10 Februarie**, om so solidariteit met skole te demonstreer.

Nooi plaaslike onderwysers en skoolhoofde na 'n spesifieke erediens. Doen spesifiek vir hulle voorbidding tydens die liturgie. Sing hulle 'n seënbede toe. Besoek by geleentheid die plaaslike skole, nooi ander leraars saam, neem iets saam wat tydens pouse saam in die personeelkamer geniet kan word. Gee die leraars geleentheid om vir die personeel voorbidding te doen. Bied hulp en ondersteuning aan, soos fasiliteite, mannekrag, kundigheid, hulp met kinders in die naskool, 'n voedselprojek vir minderbevoorregte kinders, ekstra klasse, ensovoorts. Kom ons doen dit vir ons land en sy kinders!

Dr Gustav Claassen, Werkgroep vir Onderwys, Tussenkerklike Raad